Ps. 89: 3, 6.
" 128: 1, 2.
Ges. 75: 2, 4.

# Nuwejaarsbede: Gods Werk & Ons Werk.

Lo/Kp 3 Jan '60

A

## Ps. 90.

Ps. 90: 16 & 17 — Laat u werk vir u knegte sigbaar word en u heerlikheid oor hulle kinders. En laat die lieflikheid van die Here onse God oor ons wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja, die werk van ons hande, bevestig dit!

Die eerste werkdag van 'n nuwe jaar is reeds verby: een van baie dae van werk wat God in sy genade aan ons wil vergun in hd. komende jaar: 1960. En as ons die beste wil maak van ons lewe — ook in ons werk wat voorlê — dan moet ons weet: wat het God vir ons te sê oor sy werk — en oor ons werk?

In die gebed van Moses, waarin hy so sterk die verganklikheid v.d. mens se lewe en arbeid beklemtoon, bid hy met eenheel nadruk om die bevestiging van hd. lewe en arbeid! Die eerste deel van sy gebed (1-12) is eintlik 'n belydenis v.d. mens se verganklikheid, die nietighd v sy werk & d. grimmighd v God oor d. mens se sonde & skuld; die tweede deel (13-17) is 'n bede om d. mens se werk te bekroon & die lieflikhd v God af te bid op dd. werk!

Maar allereers gaan dit om Gods werk (vers 16) en daarna ons werk (vs. 17) soos Xtus in die Onse Vader ons leer om eers te bid om Gods Naam, Gods Koninkryk, Gods wil voordat ons bid om ons brood en werk. Wie hd. gebed wil omkeer en eers bid om eie geluk, seën op eie werk, voordeel vir eie huis & volk bid tevergeefs! Eers God, dan die mens — ook in ons gebed, ja, veral in ons gebed!

Hier vind ons die bede dat:

I. Gods werk sigbaar word

II. Ons werk vrugbaar word

I Gods Werk Sigbaar Word: Moses praat hier van Gods werk: „U werk". Daarmee het hy op die oog Gods genadewerk aan sy volk, sy kerk, sy kinders. Hy kyk terug en word diep geraak oor alles wat God reeds gedoen het in d. geskiedenis van volkere, in d. lewens van Gods kinders, in die plan van God m. d. wêreld. Dis U werk!

En nou bid hy dat hd. werk v God moet openbaar word, gesien moet word: die wêreld moet dit sien en Gods volk moet dit sien. Dis waar, Gods werk „is onsigbaar, maar vol krag" maar dis nie genoeg nie — dit moet meer ad. lig kom v ontdek word: die wêreld moet dit aanskou en verbaas staan!

Mr. nie eerstens die wêreld nie — voor alles „by u knegte" moet die werk v God sigbaar word d.w.s. u kinders, die gelowiges, die volk v God. Hoe nodig het hulle dit nie gehad in Moses se tyd — en in elke tyd — om in hulle kleinse geloof versterk te word nie, en in hulle diens weer aangespoor te word nie!

→ Was daar 'n tyd waarin ons met groter erns hd. gebed moet herhaal as juis vandag! Want, h. rot. Gods werk meer moet sigbaar word! Want op die oog of God dit is mos waar: dit lyk of God groot deel v. sy werk; groot dele H/self teruggetrek het van, deur d. verkondiging van v. d. wêreld raak gesluit vir d. verkondiging van Gods Wd; duisende mense raak ooglyklik minder v minder vatbaar vir Xtus se Verlossing; hoewel sgn. Xtene is skaam en swygsaam; omdat dit vir hulle bang vir hulle getuienis asof God H/self teruggetrek, afsonder v die lyk asof God H/self teruggetrek, afsander & die Bose toelaat om die beheer van sake oor te neem!

Mr. het u nou al op gelet dat Moses nie bid dat Gods werk vir d. ongelowige wêreld moet sigbaar word nie — mr. wel vir Gods kinders, sigbaar word nie — mr. wel vir Gods kinders, vir die gelowiges? Hoekom? Omdat hy weet: as die werk van God vir d. gelowige sigbaar word, dan

sal die wêreld dit gou sien! En as Gods kinders se oë oop is, sal hulle gou sien wat God besig is om te doen — ook in die wêreld!

Dan nog meer sien: die heerlikheid v. God oor hulle kinders! O, watter pragtige gebed om te bid a.d. begin van 'n nuwe jaar vir d. jeug v.d. gemeente, die kinders v.d. kerk: dat d. heerlikheid van God sigbaar word oor ons kinders, dat die glans van u reinheid, u waarheid, u reddende genade hulle harte bestraal, hulle mose vergenade ... Hoe het ons kinders hd. gebed nie nodig nie: dat God hulle jeug lewens sal aangryp, hulle sal omkeer, en hulle groot dinge roep!

Aan hd. heerlikheid verbind Moses die heerlikheid van die Here onse God dws.: al sy genade, sy barmhartigheid, sy beloftes, sy heiligheid, sy troos en krag: laat dit oor ons en nog baie meer — m.a. bede: laat dit oor ons kom! Watter reg een so te bid? Is dit die eerste wat u van God bid — voor iets anders?

II Ons Werk Vrugbaar Word:

Van Gods genadewerk vlg Moses se gebede die werk van ons hande. „... die werk van ons handewerk: ... kom nou op ons handewerk". En as iemand nou sou vra: Wat het ek dit nou? U het net nou gesê: Gods werk is alles — ons werk is niks! Dan antwoord ons: Gods verlossingswerk sluit ons handewerk nie uit nie — inteendeel: dit omvat dit juis en sluit dit in! Gods heiligheid hef nie ons verantwoordelikheid op nie! Ja, Gods heerlikheid bring nooit luiheid nie, maar, daar staan in Ps. 127:2 „Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet — net so gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!" maar dit wil nie sê dat God tevrede is met dié van sy kinders wat slaap as hulle moet werk nie! Dan sê Hy: „Werk julle verlossing uit met vrees en bewing" omdat Hy in ons die wil v.d. werk bewerk!

Watter werk? „Die werk van ons hande" d.w.s. elke werk, alle werk wat God deur sy beskikking ons ter hand stel: ons lewenstaak, ons daagl. werk, ons aardse beroep as deel van ons ewige Xtel. roeping. Maar dan moet ons dit so sien: dan moet ons nie ons besigheid en ons ontspanning en ons politiek en ons studie & ons kunswerk isoleer, afsluit van ons godsdiens asof dit nie ook Xt. werk is nie! As ons Ps. 90:17 wil bid dan sluit ons daarmee die kleinste deel van elke sy van ons lewe in!

„Bevestig dit": Dws. „maak dit heg & vas" – laat dit nie verdwyn in die niet, verwaai in die werke nie. O, hoe nodig het d. mens om te sien: my werk is verganklik, verbygaande, sterflik, tydelik. Alleen is dit niks werd! Dan moet ek as mens iets in my werk insit wat dit ewigheidswaarde gee – blywende betekenis skenk! Die genade v.d. ewigheid moet my lewenswerk omsoom! Anders is my lewe en diens vrugteloos!

→ Hoe wonderlik dat wat Moses gebid het as werk-hoop vir 'n lewe teëkoms, ons mag bid as werklikheid wat ~~nooit vergaan~~ seker verkry is! Want in Xtus Jesus het:
① Gods werk sigbaar geword vir Kerk & wêreld!
② Gods heerlikheid & lieflikheid uitgestraal
③ Ons handewerk ewigheidswaarde gekry
omdat Hy vir ons alles bevestig het!

En daarom kan ons bid en werk, daarom moet ons bid en werk – ook as gemeente v Xtus. Is dit ons bid en werk – soos ons voel, die gees wat elke lidmaat besiel: te werk, te bid, te offer, te dien?

Ons begin d. Nuwe Jaar met 'n gebed:
Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie!
Laat van ons kroos u heerlikheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede!
En Heer, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by d. ingang van die tyd,
Bevestig tog ons werk in ewigheid.